Any further information may be obtained from the Secretary to the Board, Department of Labour, Compensation House, Schoeman Street, Pretoria.

✱ No. 1836.] [15 August 1952.

WAGE ACT, 1937.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—TOBACCO MANUFACTURING INDUSTRY, UNION OF SOUTH AFRICA.

It is hereby notified for general information that the Wage Board will hold public sittings for the purpose of hearing oral representations from interested parties in connection with the above-mentioned investigation, the reference for which was published under Government Notice No. 1017 of the 9th May, 1952:—

(*a*) *At Durban.*—Board Room, Department of Labour, Masonic Grove, off Smith Street, Durban, at 9.30 a.m. on Wednesday, 27th August, 1952.

(*b*) At *Cape Town.*—Board Room, Department of Labour, Corporation Street, Cape Town, at 9.30 a.m. on Thursday, 11th September, 1952.

(*c*) *At Oudtshoorn.*—Magistrate's Court, Oudtshoorn, at 9 a.m. on Monday, 15th September, 1952.

(*d*) *At Bloemfontein.*—Board Room, Department of Labour, 4 Fraser Street, Bloemfontein, at 9.30 a.m. on Thursday, 18th September, 1952.

(*e*) *At Johannesburg.*—Board Room, Department of Labour, New Magistrates' Courts, Marshall Street, Johannesburg, at 10 a.m. on Monday, 29th September, 1952.

T. R. B. READ,
Secretary, Wage Board.

✱ No. 1857.] [15 August 1952.

ELECTRICAL WIREMEN AND CONTRACTORS ACT, 1939.

DETERMINATION OF AREAS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Labour proposes to determine, in terms of section *eighteen* of the Electrical Wiremen and Contractors Act, 1939 (Act No. 20 of 1939) after the expiry of one year from the date of this notice, the following areas as areas in which sections *nineteen* and *twenty* of the said Act shall apply:—

The Magisterial District of George.
The Magisterial District of Knysna.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

✱ No. 1835.] [15 August 1952.

INCREASE IN TARIFFS FOR INLAND AND INTER-TERRITORIAL TELEGRAMS.

CORRECTION NOTICE.

It is hereby notified that Government Notice No. 1326 of 13 June, 1952, is amended as follows:—

Schedule A under the heading "Inter-Territorial Telegrams", delete the existing wording and substitute the following:—

INTER-TERRITORIAL TELEGRAMS.

Addressed to.—Southern Rhodesia and Bechuanaland Protectorate, Northern Rhodesia, Nyasaland Protectorate, Belgian Congo and Ruanda Urundi Territory, Portuguese East Africa (Colony of Mocam-

biek), (1) Distrikte Lourenco Marques en Inhambane, (2) ander kantore (oor Lourenco Marques), Angola (met inbegrip van Cabinda) oor land, Frans-Ekwatoriaal-Afrika oor land.

(*a*) Verhoog die bestaande minimum koste met 3d. en verhoog die verskillende tariewe per woord met ½d. 'n woord;

(*b*) verhoog die bestaande Dringende tariewe in verhouding met die gewone tariewe;

(*c*) verhoog die bestaande minimum Perstariewe met 6d. en verhoog die verskillende tariewe vir elke bykomende 8 woorde, of 'n gedeelte daarvan, ná 48 met 'n ½d.

✱ No. 1850.] [15 Augustus 1952.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van artikel *vier* van Wet No. 10 van 1911, goedkeuring te heg aan die volgende lugpostarief:—

In die Unie van Suid-Afrika gepos en na die Verenigde State van Amerika (met inbegrip van Alaska) en Kanada geadresseer, vir versending met Pan American Airways—

Briewe: 2s. 6d. per ½ ons.

LET WEL.—Hierdie lugpostarief sal van 1 September 1952 van krag wees.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 1808.] [15 Augustus 1952.

STADSGEBIED VAN PAULPIETERSBURG, PROVINSIE NATAL.

KAFFERBIERREGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Minister van Naturellesake behaag het hom sy goedkeuring te heg aan die herroeping van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing No. 1132 van 2 Julie 1926 afgekondig is.

✱ No. 1809.] [15 Augustus 1952.

STADSGEBIED VAN DEWETSDORP, ORANJE-VRYSTAAT.

REGULASIES VIR DIE BESTUUR VAN EN BEHEER OOR DIE PERSEEL WAAROP KAFFERBIER VERVAARDIG, VERKOOP OF VERSKAF WORD KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL *VIER-EN-DERTIG* VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG.

Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1511 van 20 September 1940, word hierby as volg gewysig:—

(1) Deur subregulasie (1) deur onderstaande te vervang:—

„(1) Behoudens die bepalings van subregulasie (3), kan kafferbier alleenlik—

(*a*) op weekdae, tussen die ure 10 vm. en 8 nm. van 1 April tot 30 September, en tussen die ure 11 vm. en 9 nm. van 1 Oktober tot 31 Maart; en

(*b*) vir verbruik, behalwe soos bepaal mag word in subregulasie (2), op geen ander perseel nie as 'n eethuis wat deur die stedelike plaaslike bestuur opgerig is en beheer word,

verkoop of verskaf word."

(2) Deur subregulasie (3) deur onderstaande te vervang:—

„(3) Op Sondae, Goeie-Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag mag geen kafferbier verkoop of verskaf word nie."

bique), (1) Districts of Lourenco Marques and Inhambane, (2) other offices (via Lourenco Marques), Angola (including Cabinda) via overland, French Equatorial Africa, via overland.

(*a*) Increase the present minimum charges by 3d. and incmrease the various rates per word by ½d. a word;

(*b*) increase the present Urgent rates proportionnately;

(*c*) increase the present minimum Press rates by 6d. and increase the various rates for every additional 8 words or portion thereof, after 48, by ½d.

✱ No. 1850.] [15 August 1952.

His Excellency the Governor-General has been pleased under the provisions of section *four* of Act No. 10 of 1911 to approve the following air mail rates of postage:—

Posted in the Union of South Africa and addressed to the United States of America (including Alaska) and Canada, for transmission by Pan American Airways—

Letters: 2s. 6d. per ½ oz.

NOTE.—This air mail postage rate becomes effective as from 1st September, 1952.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

✱ No. 1808.] [15 August 1952.

URBAN AREA OF PAULPIETERSBURG, PROVINCE OF NATAL.

KAFFIR BEER REGULATIONS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has been pleased to approve of the repeal of the regulations published under Government Notice No. 1132, dated 2nd July, 1926.

✱ No. 1809.] [15 August 1952.

URBAN AREA OF DEWETSDORP, ORANGE FREE STATE.

REGULATIONS FOR THE MANAGEMENT AND CONTROL OF THE PREMISES ON WHICH KAFFIR BEER IS MANUFACTURED, SOLD OR SUPPLIED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION *THIRTY-FOUR* OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (ACT No. 25 OF 1945), AS AMENDED.

Regulation 2 of the regulations published under Government Notice No. 1511, dated 20th September, 1940, is hereby amended as follows:—

(1) By the substitution of the following for sub-regulation (1):—

"(1) Subject to the provisions of sub-regulation (3), kaffir beer may be sold or supplied only—

(*a*) on weekdays between the hours of 10 a.m. and 8 p.m. from the 1st April to 30th September, and between the hours of 11 a.m. and 9 p.m. from the 1st October to 31st March; and

(*b*) for consumption, except as may be provided in sub-regulation (2), on no other premises than an eating-house established and controlled by the urban local authority."

(2) By the substitution of the following for sub-regulation (3):—

"(3) No kaffir beer shall be sold or supplied on Sundays, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day."

✱ No. 1810.] [15 Augustus 1952.

UITOEFENING VAN BEHEER DEUR DIE MUNISIPALITEIT VAN RANDFONTEIN, TRANSVAAL, OOR DIE VERKOOP OF LEWERING VAN UITGELOOPTE GRAAN IN DIE OMSTEDELIKE GEBIED VAN RANDFONTEIN, TRANSVAAL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake kragtens subartikel (1) van artikel *ses-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), soos gewysig, verklaar dat niemand met ingang van die datum hiervan òf self òf deur tussenkoms van 'n bediende of agent, uitgeloopte graan of gebreekte of gemaalde uitgeloopte graan binne vyf myl van die grens van die stadsgebied van Randfontein, Transvaal, aan 'n Naturel mag verkoop of lewer nie tensy die verkoop of lewering gemagtig word by 'n permit wat deur die Munisipaliteit van Randfontein, Transvaal, uitgereik is.

✱ No. 1811.] [15 Augustus 1952.

STADSGEBIED VAN COLENSO, PROVINSIE NATAL.

REGULASIES VIR DIE BESTUUR VAN EN BEHEER OOR DIE PERSEEL WAAROP KAFFERBIER VERVAARDIG, VERKOOP OF VERSKAF WORD KRAGTENS DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL *VIER-EN-DERTIG* VAN DIE NATURELLE (STADSGEBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET No. 25 VAN 1945), SOOS GEWYSIG.

Regulasie 2 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1755 van 20 Oktober 1944, word hierby as volg gewysig:—

(1) Deur subregulasie (1) te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„(1) Behoudens die bepalings van subregulasie (3), kan kafferbier slegs—

(*a*) op weekdae, Geloftedag uitgesluit, tussen die ure 9 vm. en 9 nm.;

(*b*) op Sondae en op Geloftedag tussen die ure 2 nm. en 5 nm.; en

(*c*) vir gebruik, behalwe soos bepaal mag word in subregulasie (2), op geen ander perseel nie as 'n eethuis wat opgerig is en beheer word deur die stedelike plaaslike bestuur,

verkoop of verskaf word."

(2) Deur subregulasie (3) te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„(3) Geen kafferbier mag op Goeie-Vrydag, Hemelvaartsdag of Kersdag verkoop of verskaf word nie."

✱ No. 1824.] [15 Augustus 1952.

MUNISIPALITEIT VAN JOHANNESBURG.—HEROMSKRYWING VAN GRENSE VAN DENVER-NATURELLEKOSHUIS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Naturellesake, kragtens paragraaf (*c*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (No. 25 van 1945), soos gewysig, sy goedkeuring daaraan geheg het dat die Stadsraad van Johannesburg 'n sekere stuk grond, geleë binne die Munisipaliteit van Johannesburg, en bekend as Denverkoshuis vir Naturellemans, soos aangetoon op 'n kaart wat in die kantoor van die Sekretaris van Naturellesake bewaar word en as volg begrens word, vir die doel van 'n naturellekoshuis om naturelle te huisves wat nie as lid van 'n gesin by 'n gesin inwoon nie, bepaal, afsonder en aanlê:—

Begin by 'n punt A, die noordwestelike hoek van Standplaas No. 62, Denver, wat op die hoek van Kerk- en Crystalstraat, Denverdorp, Johannesburg, geleë is; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs die

✱ No. 1810.] [15 August 1952.

CONTROL BY THE MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN, TRANSVAAL, OF THE SALE OR SUPPLY OF SPROUTED GRAIN IN THE PERI-URBAN AREA OF RANDFONTEIN, TRANSVAAL.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (1) of section *thirty-six* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), as amended, the Minister of Native Affairs declares that, as from the date of publication hereof, no person shall either himself or through a servant or agent, sell or supply sprouted grain or crushed or ground sprouted grain to any Native within five miles of the boundary of the urban area of Randfontein, Transvaal, unless such sale or supply is authorised under a permit issued by the Municipality of Randfontein, Transvaal.

✱ No. 1811.] [15 August 1952.

URBAN AREA OF COLENSO, PROVINCE NATAL.

REGULATIONS FOR THE MANAGEMENT AND CONTROL OF THE PREMISES ON WHICH KAFFIR BEER IS MANUFACTURED, SOLD OR SUPPLIED UNDER THE PROVISIONS OF SECTION *THIRTY-FOUR* OF THE NATIVES (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (No. 25 OF 1945), AS AMENDED.

Regulation 2 of the regulations published under Government Notice No. 1755, dated 20th October, 1944, is hereby amended as follows:—

(1) By the deletion of sub-regulation (1) and the substitution of the following therefor:—

„(1) Subject to the provisions of sub-regulation (3), kaffir beer may be sold or supplied only—

(*a*) on weekdays, exclusive of the Day of the Covenant, between the hours of 9 a.m. and 9 p.m.;

(*b*) on Sundays and on the Day of the Covenant between the hours of 2 p.m. and 5. p.m.; and

(*c*) for consumption except as may be provided in sub-regulation (2) on no other premises than an eating-house established and controlled by the Urban Local Authority.

(2) By the deletion of sub-regulation (3) and the substitution of the following therefor:—

"(3) No kaffir beer shall be sold or supplied on Good Friday, Ascension Day, or Christmas Day."

✱ No. 1824.] [15 August 1952.

MUNICIPALITY OF JOHANNESBURG.—REDEFINITION OF BOUNDARIES OF DENVER NATIVE HOSTEL.

It is hereby notified for general information that the Minister of Native Affairs has approved, in terms of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (No. 25 of 1945), as amended, of the defining, setting apart and laying out by the Town Council of Johannesburg, for Native hostel purposes for the accommodation of Natives not living under conditions of family life, of a certain piece of land, situate within the Municipality of Johannesburg, known as Denver Native Men's Hostel, as shown on a map filed in the office of the Secretary for Native Affairs and bounded as follows:—

Commencing at a point A, being the north-western corner of Stand No. 62, Denver, situate on the corner of Kerk and Crystal Streets, Denver Township, Johannesburg; thence in an easterly direction

suidelike grens van Crystalstraat oor 300.00 Kaapse voet tot by 'n punt B, die noordwestelike hoek van Standplaas No. 51, Denver; daarvandaan in 'n suidelike rigting langs die oostelike grens van Plantatiestraat oor 50.00 Kaapse voet tot by 'n punt C, die suidwestelike hoek van Standplaas No. 51, Denver; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs die suidelike grens van die Standplaas No. 51, Denver, oor 'n afstand van 32·22 Kaapse voet tot by 'n punt D, die suidoostelike hoek van Standplaas No. 51, Denver; daarvandaan in 'n noordelike rigting langs die gemeenskaplike grens van Standplaas No. 51, Denver, en Gedeelte No. 443 van die plaas Doornfontein No. 24, oor 'n afstand van 14.18 Kaapse voet tot by 'n punt E, die noordwestelike baken van Gedeelte No. 443 van die plaas Doornfontein No. 24; daarvandaan oor die noordelike, oostelike en suidelike grense van gedeelte No. 1443, van die plaas Doornfontein No. 24, geletter F, G, H, J, K, L, M, N, O, P tot Q, wat die suidoostelike hoek van Standplaas No. 11, Denver is; daarvandaan steeds in 'n suidoostelike rigting oor 620.45 Kaapse voet tot by 'n punt R, die suidoostelike baken van Gedeelte No. 1 van Gedeelte Q van die plaas Doornfontein No. 24; daarvandaan oor die suidelike en westelike grens van Gedeelte No. 1 van Gedeelte Q van die plaas Doornfontein No. 24, geletter S, T en U, wat die noordwestelike baken van Gedeelte No. 1 van Gedeelte Q van die plaas Doornfontein No. 24 is en op die suidelike grens van Denver val; daarvandaan steeds in 'n westelike rigting langs die suidelike grens van Denverdorp, oor 'n afstand van ongeveer 200 Kaapse voet tot by 'n punt V, die suidwestelike hoek van Standplaas No. 38, Denver; daarvandaan noordwaarts langs die westelike grens van Standplaas No. 38, Denver, oor 137.58 Kaapse voet tot by 'n punt W, die noordwestelike hoek van Standplaas No. 38, Denver; daarvandaan ooswaarts langs die suidelike grens van Sandbergstraat, oor 'n afstand van 250.00 Kaapse voet tot by 'n punt X, die noordoostelike hoek van Standplaas No. 31, Denver; daarvandaan in 'n suidelike rigting langs die westelike grens van Kerkstraat, oor 'n afstand van 150.00 Kaapse voet tot by 'n punt Y, die suidoostelike hoek van Standplaas No. 29, Denver; daarvandaan in 'n oostelike rigting langs die noordelike grens van Hopperstraat, oor 'n afstand van 100.00 Kaapse voet tot by 'n punt Z, die suidoostelike hoek van Standplaas No. 26, Denver; daarvandaan in 'n noordelike rigting, oor 'n afstand van 150.00 Kaapse voet langs die oostelike grense van Standplase Nos. 26, 27, en 28, Denver, tot by 'n punt A1, die noordoostelike hoek van Standplaas No. 28, Denver; daarvandaan in 'n westelike rigting langs die suidelike grens van Sandbergstraat, oor 'n afstand van 50.00 Kaapse voet tot by 'n punt B1, die noordwestelike hoek van Standplaas No. 28, Denver; daarvandaan noordwaarts, oor 'n afstand van 250.00 Kaapse voet langs die oostelike grens van Kerkstraat tot by A, die beginpunt.

Die gebied hierbo beskryf, bestaan uit Gedeelte No. 443 en Gedeelte No. 1 van Gedeelte Q van die plaas Doornfontein No. 24 en Standplase Nos. 1-25, 29-38, 48, 49 en 52-65, Denver.

Standplaas No. 50, Denver, word nie by hierdie omskrywing ingesluit nie, aangesien dit 'n transformatorperseel is en nie deel uitmaak van Denverkoshuis vir Naturellemans nie.

Goewermentskennisgewing No. 2441 van 1949 word hierby herroep.

✱ No. 1837.] [15 Augustus 1952.

VEEBEPERKING OP TRUSTPLASE EN VASSTELLING VAN DRAKRAG.—DISTRIK LICHTENBURG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Hoofnaturellekommissaris, Westelike Gebiede, Potchefstroom, kragtens artikel *vyf* (1) van Proklamasie No. 116 van 1949, die getal vee-eenhede wat die verbeteringsgebiede in bygaande Bylae genoem, kan dra, op die getalle wat daarin vermeld word, vasgestel het.

along the southern boundary of Crystal Street, for 300.00 Cape feet to a point B, being the north-western corner of Stand No. 51, Denver; thence in a southerly direction along the eastern boundary of Plantatie Street, for 50.00 Cape feet to a point C, being the south-western corner of Stand No. 51, Denver; thence in an easterly direction along the southern boundary of Stand No. 51, Denver, for a distance of 32.22 Cape feet to a point D, being the south-eastern corner of Stand No. 51, Denver; thence in a northerly direction along the common boundary of Stand No. 51, Denver, and Portion No. 443 of the farm Doornfontein No. 24, for a distance of 14.18 Cape feet to a point E, being the north-western beacon of Portion No. 443 of the farm Doornfontein No. 24; thence traversing the northern, eastern and southern boundaries of Portion No. 443 of the farm Doornfontein No. 24, lettered F, G, H, J, K, L, M, N, O, P to Q, which is the south-eastern corner of Stand No. 11, Denver; thence continuing in a south-easterly direction for 620.45 Cape feet to a point R, being the south-eastern beacon of Portion No. 1 of Portion Q of the farm Doornfontein No. 24; thence traversing the southern and western boundary of Portion No. 1 of Portion Q of the farm Doornfontein No. 24, lettered S, T and U, which is the north-western beacon of Portion No. 1 of Portion Q of the farm Doornfontein No. 24, falling on the southern boundary of Denver; thence continuing in a westerly direction along the southern boundary of Denver Township for a distance of approximately 200 Cape feet to a point V, being the south-western corner of Stand No. 38, Denver; thence northwards along the western boundary of Stand No. 38, Denver, for 137.58 Cape feet to a point W, being the north-western corner of Stand No. 38, Denver; thence eastwards along the southern boundary of Sandberg Street for a distance of 250.00 Cape feet to a point X, being the north-eastern corner of Stand No. 31, Denver; thence in a southerly direction along the western boundary of Kerk Street for a distance of 150·00 Cape feet to a point Y, being the south-eastern corner of Stand No. 29, Denver; thence in an easterly direction along the northern boundary of Hopper Street for a distance of 100.00 Cape feet to a point Z, being the south-eastern corner of Stand No. 26, Denver; thence in a northerly direction for a distance of 150.00 Cape feet along the eastern boundaries of Stands Nos. 26, 27 and 28, Denver; to a point A1 being the north-eastern corner of Stand No. 28, Denver; thence in a westerly direction along the southern boundary of Sandberg Street for a distance of 50.00 Cape feet to a point B1, being the north-western corner of Stand No. 28, Denver; thence northwards for a distance of 250.00 Cape feet along the eastern boundary of Kerk Street to a point of commencement A.

The above described area comprises Portion No. 443 and Portion No. 1 of Portion Q of the farm Doornfontein No. 24, and Stands Nos. 1-25, 29-38, 48, 49 and 52-65, Denver.

Stand No. 50, Denver, is excluded from the definition, being a transformer site and does not form part of Denver Native Men's Hostel.

Government Notice No. 2241 of 1949 is hereby repealed.

✱ No. 1837.] [15 August 1952.

STOCK LIMITATION ON TRUST FARMS AND ASSESSMENT OF CARRYING CAPACITY.—LICHTENBURG DISTRICT.

It is hereby notified for general information that, in terms of section *five* (1) of Proclamation No. 116 of 1949, the Chief Native Commissioner, Western Areas, Potchefstroom, has assessed at the figures appearing in the accompanying Schedule the number of cattle units which the Betterment Areas, indicated therein, can carry.

BYLAE.

Verbeteringsgebied.	*Getal vee-eenhede.*
Groep I, bestaande uit die volgende plase:—	
1. Gedeelte A en restant van De Hoop No. 94 2. Gedeelte A en restant van De Hoop No. 302 3. Mooilaagte No. 316 4. Restant van Schoongezicht No. 386. Restant van gedeelte A van Schoongezicht No. 386. Gedeelte B van Schoongezicht No. 386 5. Shiela No. 49 6. Stiglingspan No. 344 7. Gedeeltes A, B en restant van Springbokpan No. 333 (of Goedgedacht) 8. Gedeeltes A en B van Verdwaal No. 343 9. Welverdiend No. 389	3,373
Groep II, bestaande uit die volgende plase:—	
1. Gedeeltes B, C, D en restant van Doornlaagte No. 322 2. Driehoek No. 309 3. Enselsrust No. 331 4. Gedeeltes A, C, E, J, K, L en N van Gelukspan No. 372 5. Gedeeltes A, B, C, D en restant van Goedgevonden No. 370 6. Gedeelte B (Kareepan genoem) van Kaalpan No. 334. Restant van Kaalpan No. 334 7. Gedeeltes B, C en D van Kapsteel No. 375. Restant van Kapsteel No. 375. Restant van gedeelte A van Kapsteel No. 375 8. Lombaardslaagte No. 290 9. Louisdal No. 387 10. Gedeelte B van Mooifontein No. 342. Restant van Mooifontein No. 342. Gedeelte 1 van gedeelte van Mooifontein No. 342. Restant van gedeelte van Mooifontein No. 342 11. Mooipan No. 310 12. Naauwpoort No. 340 13. Nooitgedacht No. 303 14. Sambalbroek No. 298 15. Siberia No. 357 16. Gedeeltes A, B, C en restant van Uitkyk No. 358 17. Restant van Valkpan No. 395 18. Gedeeltes 1 en 2 van gedeelte A van Vrede No. 311. Restant van gedeelte A van Vrede No. 311. Gedeelte B en restant van Vrede No. 311 19. Gedeeltes A, B, C, D, E, F, G, H en J. van Weltevreden No. 292. Restant van Weltevreden No. 292 20. Gedeelte van Brooksby No. 360. Gedeelte B van Brooksby No. 360 21. Gedeelte A en restant van Groenwal No. 341 22. Makouspan No. 349 23. Overgehouden No. 165 24. Gedeelte A van Rietfontein No. 301. Gedeelte 1 van gedeelte B van Rietfontein No. 301. Restant van gedeelte B van Rietfontein No. 301 Restant van Rietfontein No. 301 25. Gedeelte A van gedeelte van Rosendal No. 402. Gedeelte B van gedeelte van Rosendal No. 402. Gedeelte C van gedeelte van Rosendal No. 402. Gedeelte D van gedeelte van Rosendal No. 402. Gedeelte 2 van gedeelte van Rosendal No. 402. Restant van Rosendal No. 402. Restant van gedeelte van Rosendal No. 402 (ongeveer 434 morg groot). Restant van gedeelte van Rosendal No. 402 (ongeveer 211 morg groot)	11,251

Goewermentskennisgewing No. 744 van 22 April 1949 word hierby herroep.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

✱ No. 1834.] [15 Augustus 1952.

BENOEMING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN ONDERWYS, KUNS EN WETENSKAP.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap kragtens die bepalings van artikel *vier-en-negentig* van Wet No. 27 van 1923, mnr. Jacobus Johannes Petrus Op't Hof, Ondersekretaris in die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, benoem het om op te tree as Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap vanaf 4 Augustus 1952 gedurende die afwesigheid met verlof van mnr. Hendrik Stephanus van der Walt.

SCHEDULE.

Betterment Area.	*Number of Cattle Units.*
Group I, consisting of the following farms:—	
1. Portion A and remaining extent of De Hoop No. 94 2. Portion A and remaining extent of De Hoop No. 302 3. Mooilaagte No. 316 4. Remaining extent of Schoongezicht No. 386. Remaining extent of portion A of Schoongezicht No. 386. Portion B of Schoongezicht No. 386 5. Shiela No. 49 6. Stiglingspan No. 344 7. Portions A, B and remaining extent of Springbokpan No. 333 (or Goedgedacht) 8. Portions A and B of Verdwaal No. 343 9. Welverdiend No. 389	3,373
Group II, consisting of the following farms:—	
1. Portions B, C, D and remaining extent of Doornlaagte No. 322 2. Driehoek No. 309 3. Enselsrust No. 331 4. Portions A, C, E, J, K, L and N of Gelukspan No. 372 5. Portions A, B, C, D and remaining extent of Goedgevonden No. 370 6. Portion B (called Kareepan) of Kaalpan No. 334. Remaining extent of Kaalpan No. 334 7. Portions B, C and D of Kapsteel No. 375. Remaining extent of Kapsteel No. 375 Remaining extent of portion A of Kapsteel No. 375 8. Lombaardslaagte No. 290 9. Louisdal No. 387 10. Portion B of Mooifontein No. 342. Remaining extent of Mooifontein No. 342. Portion 1 of portion of Mooifontein No. 342. Remaining extent of portion of Mooifontein No. 342 11. Mooipan No. 310 12. Naauwpoort No. 340 13. Nooitgedacht No. 303 14. Sambalbroek No. 298 15. Siberia No. 357 16. Portions A, B, C and remaining extent of Uitkyk No. 358 17. Remaining extent of Vlakpan No. 395 18. Portions 1 and 2 of portion A of Vrede No. 311. Remaining extent of portion A of Vrede No. 311 Portion B and remaining extent of Vrede No. 311 19. Portions A, B, C, D, E, F, G, H and J of Weltevreden No. 292. Remaining extent of Weltevreden No. 292 20. Portion of Brooksby No. 360. Portion B of Brooksby No. 360 21. Portion A and remaining extent of Groenwal No. 341 22. Makouspan No. 349 23. Overgehouden No. 165 24. Portion A of Rietfontein No. 301. Portion 1 of Portion B of Rietfontein No. 301. Remaining extent of Portion B of Rietfontein No. 301. Remaining extent of Rietfontein No. 301 25. Portion A of portion of Rosendal No. 402. Portion B of portion of Rosendal No. 402. Portion C of portion of Rosendal No. 402. Portion D of portion of Rosendal No. 402. Portion 2 of portion of Rosendal No. 402. Remaining extent of Rosendal No. 402. Remaining extent of portion of Rosendal No. 402 (measuring approximately 434 morgen). Remaining extent of portion of Rosendal No. 402 (measuring approximately 211 morgen)	11,251

Government Notice No. 744 of the 22nd April, 1949, is hereby withdrawn.

DEPARTMENT OF EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

✱ No. 1834.] [15 August 1952.

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR EDUCATION, ARTS AND SCIENCE.

It is hereby notified for general information that the Hon. the Minister of Education, Arts and Science has, in terms of section *ninety-four* of Act No. 27 of 1923, appointed Mr. Jacobus Johannes Petrus Op't Hof, Under-Secretary in the Department of Education, Arts and Science, to act as Secretary for Education, Arts and Science as from the 4th August, 1952, during the absence on leave of Mr. Hendrik Stephanus van der Walt.

✱ No. 1858.] [15 Augustus 1952.

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH.—WYSIGING VAN REGULASIES.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensy die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een-en-twintig* van die Universiteit van Stellenbosch Wet, 1916 (Wet No. 13 van 1916), sy goedkeuring te heg aan die volgende wysiginge van genoemde Universiteit se regulasies soos uitgevaardig ingevolge artikel *twee-en-twintig* van vermelde Wet:—

1. *Regulasie* IV (1) (*b*).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

'n Student vir 'n B.A.-graad in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte moet tot tevredenheid van die Senaat minstens die helfte van die voorgeskrewe leergange van die B.A.-graad aan die Universiteit volg.

2. *Regulasie* IV (iii).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

(*a*) Die vakke vir die B.A.-graad word in die volgende groepe verdeel:—

A. *Tale:* Grieks, Latyn, Afrikaans-Nederlands, Engels, Duits, Frans, Semitiese Tale, Bantoetale.

B. Geskiedenis, Geografie, Ekonomie, Bedryfsekonomie, Rekeningwetenskap, Filosofie, Sielkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Volkekunde, Naturelle-administrasie, Romeinse Reg en Romeins-Hollandse Reg.

C. Liggaamlike Opvoeding, Opvoedkunde, Musiek, Voordrag en sulke ander vakke as wat die Senaat goedkeur.

(*b*) 'n Kandidaat vir 'n B.A.-graad kan met die goedkeuring van die Senaat ander kombinasies van vakke as dié hieronder beskrywe vir die graad volg: Met dien verstande dat alleen in buitengewone gevalle, wat die Senaat goedkeur, en onderworpe aan rooster-moontlikhede, 'n eerstejaarsvak uit die wiskunde- en natuurwetenskaplike vakke vir B.A. toegelaat word.

3. *Regulasie* V 1 (i) (*a*).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

(*a*) Vir toelating tot die drie- en vierjarige B.Sc-graadkursusse moet studente in besit wees van die matrikulasiesertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.

4. *Regulasie* V 1 (i) (*b*).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

(*b*) 'n Student vir 'n B.Sc.-graad in die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde moet tot tevredenheid van die Senaat minstens die helfte van die voorgeskrewe leergange van die B.Sc.-graad aan die Universiteit volg.

5. *Regulasie* V 1 (ii) (*a*).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

(1) Die kursus vir die driejarige B.Sc.-graad in die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde omvat kursusse in die Wiskunde en/of die natuurwetenskappe en in sulke ander vakke, insluitende Liggaamlike Opvoeding, wat die Senaat goedkeur.

(2) Die kursus vir die vierjarige B.Sc.-graad in die Fakulteit van Wis- en Natuurkunde omvat kursusse in die Wiskunde en/of natuurwetenskappe en vakke op die gebied van die Liggaamlike Opvoeding of vakke op die gebied van die Huishoudkunde wat die Senaat goedkeur.

✱ No. 1858.] [15 August 1952.

AMENDMENTS OF REGULATIONS.—UNIVERSITY OF STELLENBOSCH.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, by virtue of the powers vested in him by section *twenty-one* of the University of Stellenbosch Act, 1916 (Act No. 13 of 1916), of the following amendments to the regulations of the said University as issued in terms of section *twenty-two* of the said Act:—

1. *Regulation* IV (1) (*b*).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

A student for a B.A. degree in the Faculty of Arts shall follow to the satisfaction of the Senate at least half of the prescribed courses for the B.A. degree at this University.

2. *Regulation* IV (iii).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

(*a*) The subjects for the B.A. degree are divided into the following groups:—

A. *Languages:* Greek, Latin, Afrikaans-Nederlands, English, German, French, Semitic Languages, Bantu Languages.

B. History, Geography, Economics, Commerce, Bookkeeping, Philosophy, Psychology, Sociology, Social Work, Ethnology, Native Administration, Roman Law and Roman Dutch Law.

C. Physical Education, Education, Music, Dramatic Art and such other subjects as may be approved by the Senate.

(*b*) A candidate for the B.A. degree may, with the approval of the Senate, follow combinations of subjects other than those set out below: Provided that only in exceptional cases approved by the Senate and only if the time-table permits may a first year subject from the mathematical and the natural sciences be chosen for B.A.

3. *Regulation* V 1 (i) (*a*).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

(*a*) For admission to the three-year and the four-year courses for the B.Sc. degree students must hold the matriculation certificate or an exemption certificate granted by the Joint Matriculation Board.

4. *Regulation* V 1 (i) (*b*).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

(*b*) A student for a B.Sc. degree in the Faculty of Science shall follow to the satisfaction of the Senate at least half the prescribed courses for the B.Sc. degree at this University.

5. *Regulation* V 1 (ii) (*a*).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

(1) The course for the three-year B.Sc. degree in the Faculty of Science comprises courses in mathematics and/or the natural sciences and in such other subjects, including Physical Education, as may be approved by the Senate.

(2) The course for the four-year B.Sc. degree in the Faculty of Science comprises courses in mathematics and/or the natural sciences and subjects in the departments of Physical Education or Home Economics, as may be approved by the Senate.

6. *Regulasie* VI 9 (i).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

Aan 'n student wat die kursus onder paragraaf VI (ii) (*a*) (2) met Liggaamlike Opvoeding met sukses voltooi het, word tesame met die graaddiploma 'n onderwysersdiploma uitgereik van bevoegdheid om onderrig te gee in Liggaamlike Opvoeding, Fisiologie en Biologie in die hoër en sekondêre skole.

7. *Regulasie* VI 12 (i).—Skrap die bestaande regulasie in sy geheel en vervang dit deur die volgende:—

Aan 'n student wat die kursus onder paragraaf VI (ii) (*a*) (2) met Huishoudkunde met sukses voltooi het, word tesame met die graaddiploma 'n onderwysersdiploma uitgereik van bevoegdheid om onderrig te gee in Huishoudkunde en Naaldwerk in hoër en sekondêre skole.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 1707.] [1 Augustus 1952.

VOORGENOME DEPROKLAMASIE VAN GEDEELTES VAN DIE PLAAS WHEATLANDS No. 26 (VOORHEEN GEDEELTE VAN DIE PLAAS HARTBEESTFONTEIN, *ALIAS* HARTEBEESTFONTEIN No. 22), DISTRIK RANDFONTEIN (VOORHEEN KRUGERSDORP), MYNDISTRIK JOHANNESBURG.

Hierby word bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal voornemens is om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die „Precious and Base Metals Act", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), sekere twee gedeeltes van die plaas Wheatlands No. 26 (voorheen gedeelte van die plaas Hartbeestfontein, *alias* Hartebeestfontein No. 22), distrik Randfontein (voorheen Krugersdorp), myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, altesaam 301 morg 516 vierkante roede groot, geregistreer op naam van N. Fedler en P. Myers wat onder die naam Fedler en Myers handel dryf, en soos aangetoon op kaarte S.G. Nos. 2998/95 en 1976/95, waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, onder R.M.T. Nos. 1675 en 1676, onderskeidelik, bewaar word, as 'n publieke delwery te deproklameer.

M.M. 27/1/154.

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID.

✱ No. 1797.] [15 Augustus 1952.

DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERSRAAD.

REGULASIES VIR DIE OPLEIDING EN EKSAMINEER VIR DIE SERTIFIKAAT IN PSIGIATRIESE EN NEUROLOGIESE VERPLEGING, OPGESTEL KRAGTENS ARTIKEL *VIER* VAN DIE WET OP VERPLEEGSTERS, No. 45 VAN 1944, SOOS GEWYSIG.

Die Minister van Gesondheid het, in die uitoefening van die bevoegdheid hom verleen by subartikel (2) van artikel *vier* van die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), soos gewysig, sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies betreffende die opleiding en eksamineer vir die Sertifikaat in Psigiatriese en Neurologiese Verpleging, wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad kragtens artikel *vier* van genoemde Wet opgestel is:—

1. WOORDBEPALING.

In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken „Wet" die Wet op Verpleegsters, 1944 (Wet No. 45 van 1944), soos gewysig, en het enige woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word. Enige verwysing na vroulike persone in hierdie regulasies, sluit ook manlike persone in.

6. *Regulation* VI 9 (i).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

4. To the student who has successfully completed the course under paragraph V 1 (ii) (*a*) (2) with Physical Education as one of his major subjects a teachers' certificate of competency to teach Physical Education, Physiology and Biology in high and secondary schools shall be granted together with his degree certificate.

7. *Regulation* VI 12 (i).—Delete the whole of the existing regulation and substitute the following:—

To a student who has successfully completed the course under paragraph V 1 (ii) (*a*) (2) with Home Economics as a major subject a teachers' certificate of competency to teach Home Economics and Needlework in high and secondary schools shall be granted together with the degree certificate.

DEPARTMENT OF MINES.

No. 1707.] [1 August 1952.

PROPOSED DEPROCLAMATION OF PORTIONS OF THE FARM WHEATLANDS No. 26 (FORMERLY PORTION OF THE FARM HARTBEESTFONTEIN, *ALIAS* HARTEBEESTFONTEIN No. 22), DISTRICT OF RANDFONTEIN (FORMERLY KRUGERSDORP), MINING DISTRICT OF JOHANNESBURG.

It is hereby notified that it is the intention of His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), to deproclaim as a public digging certain two portions of the farm Wheatlands No. 26 (formerly portion of the farm Hartbeestfontein, *alias* Hartebeestfontein No. 22), District of Randfontein (formerly Krugersdorp), Mining District of Johannesburg, Transvaal Province, together in extent 301 morgen 516 square roods, registered in the name of N. Fedler and P. Myers, trading as Fedler and Myers, and as shown on Diagrams S.G. Nos. 2998/95 and 1976/95, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under R.M.T. Nos. 1675 and 1676, respectively.

M.M. 27/1/154.
1-8-15-22

DEPARTMENT OF HEALTH.

✱ No. 1797.] [15 August 1952.

SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL.

REGULATIONS FOR THE TRAINING AND EXAMINATION FOR THE CERTIFICATE IN PSYCHIATRIC AND NEUROLOGICAL NURSING MADE UNDER SECTION *FOUR* OF THE NURSING ACT, No. 45 OF 1944, AS AMENDED.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred upon him by sub-section (2) of section *four* of the Nursing Act, 1944 (Act No. 45 of 1944), as amended, has approved of the following regulations regarding the training and examination for the Certificate in Psychiatric and Neurological Nursing, made by the South African Nursing Council under section *four* of the said Act:—

1. INTERPRETATION.

In these regulations, unless the context otherwise indicates, "Act" means the Nursing Act, 1944 (No. 45 of 1944), as amended, and any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act bears, when used in these regulations the same meaning. In these regulations any reference to females includes males.

2. VEREISTES VIR TOELATING TOT OPLEIDING.

Niemand word vir opleiding tot 'n opleidingskool wat deur die Raad goedgekeur is toegelaat nie, tensy so 'n persoon 'n sertifikaat voorlê met die strekking dat hy/sy kragtens die Wet as 'n geneeskundige en chirurgiese verpleegster, verpleger of verpleegster van sielsiekes geregistreer is.

OPMERKING.—Die aandag word gevestig op die voorskrifte van regulasie 3 (*b*) van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1198, gedateer 13 Julie 1945, soos gewysig, waarkragtens iedere leerlingverpleegster binne ses weke na die datum van die aanvang van haar opleiding by die Raad geregistreer moet word.

3. OPLEIDINGSKOLE.

(*a*) 'n Opleidingskool bestaan uit 'n hospitaal of groep hospitale wat, volgens die mening van die Raad, weens die gehalte en omvang van die middele en die onderrig aldaar gegee, bevoeg is om kandidate op te lei in die sake waarna verwys word in die leerplan wat in hierdie regulasies voorgeskryf word.

(*b*) Geen hospitaal of groep hospitale word as 'n opleidingskool goedgekeur nie tensy—

(i) daar tot tevredenheid van die Raad bewys gelewer word dat daar in die hospitaal of groep hospitale geriewe bestaan vir die geneeskundige en verplegingsorg van pasiënte wat hospitaalbehandeling nodig het vir neurologiese, neurochirurgiese of onsertifiseerbare psigiatriese toestande;

(ii) geriewe verskaf word vir 'n psigiatriese buitepasiëntediens;

(iii) geleentheid aan leerlinge verskaf kan word om die afdelings van maatskaplike agentskappe wat gemoeid is met die sosiale aspekte van siekte en rehabilitasie, insluitende 'n geestesgesondheidskliniek, 'n kindervoorligtingskliniek, 'n kliniek vir volwassenes en kinders met psigiatriese probleme, 'n sielsiekehospitaal, 'n hospitaal of tehuis vir swaksinniges, 'n psigiatriese sosiale klub, 'n sosiale agentskap vir rehabilitasie en nasorg van psigiatriese pasiënte te besoek en om 'n tydperk deur te bring in die waarneming van psigiatriese maatskaplike werkers en proefbeamptes;

(iv) alle lede van die verplegingspersoneel wat 'n aandeel het in die opleiding van leerlingverpleegsters, geregistreerde geneeskundige en chirurgiese verpleegsters, verplegers of verpleegsters van sielsiekes is;

(v) indien die inrigting 'n bestuursraad het, minstens een mediese praktisyn 'n lid van die raad is;

(vi) van leerlinge vereis word om minstens 40 uur per week op diens te wees; met dien verstande dat nie van 'n leerling vereis mag word om meer as 8 uur per dag op diens te wees nie;

(vii) leerlinge minstens een dag per week vry afgegee word wanneer hulle dagdiens doen en minstens een nag per week vry wanneer hulle nagdiens doen en daarbenewens 30 dae vakansieverlof per jaar gedurende die voorgeskrewe opleidingstydperk (vir siekteverlof sien regulasie 4);

(viii) van leerlinge vereis word om minstens een maand, en nie meer as 3 maande altesaam, nagdiens te doen gedurende die opleidingstydperk wat in hierdie regulasies voorgeskryf word;

(ix) leerlinge tot tevredenheid van die Raad gehuisves en gevoed word;

(x) leerlinge geneeskundig ondersoek word voordat hulle vir opleiding toegelaat word;

(xi) die kursus van voorlesings en demonstrasies so opgestel is dat leerlinge hulle vir die eksamen kan aanmeld na voltooiing van tien maande opleiding;

(xii) 'n lid van die geneeskundige personeel die hospitaal daagliks besoek en, in die geval van 'n groep hospitale 'n lid van die geneeskundige personeel elk van sodanige hospitale daagliks besoek;

(xiii) die Raad of 'n persoon wat van die Raad opdrag daartoe gekry het, die reg het om die opleidingskool te eniger tyd te inspekteer en om sodanige inligting as wat nodig geag mag word, te vra.

2. REQUIREMENTS FOR ADMISSION TO TRAINING.

No person shall be admitted for training in a training school approved of by the Council unless she produces a certificate that she is registered under the Act as a medical and surgical nurse, male nurse or mental nurse.

NOTE.—Attention is invited to the provisions of regulation 3 (*b*) of the regulations published under Government Notice No. 1198, dated 13th July, 1945, as amended, in terms of which every student nurse shall be registered with the Council within six weeks of the date of the commencement of her training.

3. TRAINING SCHOOLS.

(*a*) A training school shall consist of a hospital or group of hospitals which, in the opinion of the Council, is competent through the quality and extent of the material and instruction given thereat to train candidates in the matters referred to in the syllabus prescribed in these regulations.

(*b*) No hospital or group of hospitals shall be approved of as a training school unless—

(i) proof can be furnished to the satisfaction of the Council that in the hospital or group of hospitals facilities exist for the medical and nursing care of patients requiring hospitalisation for neurological, neuro-surgical or non-certifiable psychiatric conditions;

(ii) facilities are provided for a psychiatric out-patient service;

(iii) facilities can be made available for students to visit the departments of social agencies concerned with the social aspects of illness and rehabilitation, including a mental health clinic, a child guidance clinic, a clinic for adults and children with psychiatric problems, a mental hospital, a hospital or home for mental defectives, a psychiatric social club, a social agency for rehabilitation and after care of psychiatric patients and to spend a period observing the work of psychiatric social workers and probation officers;

(iv) all members of the nursing staff who take part in the training of student nurses are registered medical and surgical, male, or mental nurses;

(v) if the institution has a board of management, at least one medical practitioner is a member of the board;

(vi) students are required to be on duty for not less than 40 hours per week; provided that a student shall not be required to be on duty for more than eight hours in any one day;

(vii) students are allowed at least one day off-duty per week when on day duty and at least one night off-duty per week when on night duty and, in addition thereto, thirty days vacation leave of absence during the prescribed period of training (for sick leave see regulation 4);

(viii) students are required to be on night duty for not less than one month and not more than three months in all during the period of training prescribed in these regulations;

(ix) students are housed and fed to the satisfaction of the Council;

(x) students are medically examined before admission to training;

(xi) the course of lectures and demonstrations is so arranged that students may present themselves for the examination when they have completed ten months of training;

(xii) a member of the medical staff visits the hospital daily and, in the case of a group of hospitals, a member of the medical staff visits each such hospital daily;

(xiii) the Council or a person deputed thereto by the Council shall have the right to inspect the training school at any time and to call for such information as may be deemed necessary.

(*c*) Nieteenstaande die voorwaarde en vereistes wat in paragraaf (*b*) hiervan vervat is, kan die Raad na goeddunke 'n hospitaal as 'n opleidingskool goedkeur as sodanige hospitaal nie aan een of meer van genoemde voorwaardes en vereistes voldoen nie en as dit by die Raad daarom aansoek doen en tot tevredenheid van die Raad bewys lewer dat dit in alle ander opsigte voldoende geleentheid vir die behoorlike opleiding van leerlingverpleegsters kan bied. Sodanige goedkeuring ooreenkomstig hierdie paragraaf verleen, kan vir enige beperkte termyn of tydperk of op sodanige ander of bykomstige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, verleen word.

(*d*) Geen opleidingskool word deur die Raad goedgekeur nie tensy die matrone daarvan by die Raad geregistreer is—

(i) as 'n geneeskundige en chirurgiese verpleegster of 'n verpleger en as 'n verpleegster van sielsiekes; of

(ii) as 'n geneeskundige en chirurgiese verpleegster, 'n verpleger *of* 'n verpleegster van sielsiekes en daarbenewens in besit is van die Raad se Sertifikaat in Psigiatriese en Neurologiese Verpleging soos waarna in hierdie regulasies verwys word.

4. OPLEIDINGSTYDPERK.

(*a*) Die opleidingstydperk is een jaar, insluitende die vakansieverlof wat ooreenkomstig paragraaf (*b*) (vii) van regulasie 3 van hierdie regulasies toegekom kan word en enige siekteverlof van hoogstens 14 dae wat toegestaan mag word. Siekteverlof van meer as 14 dae kan toegestaan word maar sodanige siekteverlof, wat nie die tydperk van opleiding wat nog vooltooi moet word, oorskry nie, moet goedgemaak word; met dien verstande dat indien die tydperk van siekteverlof toegestaan altesame 180 dae oorskry, die leerling daarbenewens 'n verlenging van opleiding al na die Raad besluit moet meemaak.

(*b*) Behoudens die bepalings van paragraaf (*a*) van hierdie regulasie, is die opleiding aaneenlopend. Geen tydperk van opleiding wat 'n leerling meegemaak het voor 'n tydperk van afwesigheid van opleiding, behalwe afwesigheid van opleiding ooreenkomstig hierdie regulasies of, in die geval van 'n leerling wat van een opleidingskool na 'n ander oorgeplaas word, geen opleiding wat deur haar in die eerste opleidingskool meegemaak is, word erken as 'n deel van die opleidingstydperk soos in paragraaf (*a*) genoem nie, tensy die Raad anders besluit.

5. VOORLESINGS EN DEMONSTRASIES.

(*a*) Elke leerling moet 'n volledige kursus voorlesings en demonstrasies deurloop wat die vakke dek soos voorgeskryf in die leerplan, in regulasie 7 van hierdie regulasies vermeld.

(*b*) Elke leerling moet minstens 200 lesings en demonstrasies soos in paragraaf (*a*) hiervan genoem, bywoon.

(*c*) Alle voorlesings en demonstrasies in verplegingsvakke moet gegee word deur persone by die Raad geregistreer as geneeskundige en chirurgiese verpleegsters of verplegers en verpleegsters van sielsiekes, of deur persone by die Raad geregistreer as geneeskundige en chirurgiese verpleegsters, verplegers of verpleegsters van sielsiekes, en wat in besit is van die Sertifikaat van Psigiatriese en Neurologiese Verpleging soos in hierdie regulasies voorgeskryf.

